Plasbaddens in parke dwarsdeur die stad is taamlik groot, vlak en toegangsvry en dit is daargestel vir gebruik deur strompelaartjies (toddlers) en klein kinders.

Die kinders se waterspeelplekke is n kombinasie van plasbaddens, wateryglybane en spuitfontejntjies. Hierdie speelplekke word voorsien in digbewoonde voorstede soos Yeoville en Hillbrow en verskaf oneindige plesier, nie net aan kinders in dié twee voorstede nie, maar ook aan kinders van ander voorstede wat hierheen kom.

Ek wil nou graag in nadere besonderhede ingaan op die administratiewe vereistes.

1. TOEREIKENDHEID EN SINDELIKHEID VAN KLEEDKAMERS.

a) Voorsiening van voldoende kleedgeriewe.

Kleedgeriewe moet voldoende wees en bereken word op maksimale bywoningsyfers. Daar moet egter in gedagte gehou word dat alhoewel die bywoningsyfers van mans dié van vrouens oorskry, vereis vrouens meer privaathed as mans. Die bywoningsgetalle van kinders oorskry dié van volwassenes in dieselfde mate as in eersgenoemde geval. Hierdie verhouding is ongeveer 60% tot 40% in beide gevalle.

b) Voorsiening van n genoegsame aantal stortbaddens en toiletgeriewe.

Aangesien dit moeilik is om die verwagte bywoningsgetalle by n voorgestelde publieke swembad te beraam, is dit goed om statistieke verkry van swembaddens in soortgelyke omstandighede, te vergelyk en dan die bygaande formule te gebruik vir die berekening van die minimum aantal stortbaddens, toiletkamers en urinale wat voorsien moet word.

<u>Aantal en soort fasiliteit.</u>	<u>Aantal manlike persone per fasiliteit-gebaseer op maksimum bywoningsgetalle.</u>	<u>Aantal vroulike persone per fasiliteit-gebaseer op maksimum bywoningsgetalle.</u>
1 Toiletkamer per	120	80
1 Stortbad per	120	80
1 Urinaal per	120	3/.....

n Swembad waar dus maksimale bywoningsgetalle van n 1,000 per dag verwag word, met n verhouding van 60% mans tot 40% vrouens, sal die volgende vereis: 5 toiletkamers en stortbaddens vir elke geslag plus urineerplek vir vyf volwasse mans.

Mure van stortbaddens, toiletkamers en urinale moet liefs tot n hoogte van ses voet bo die vloer met geglaseerde teëls bedek word - dit beperk vandalisme tot n minimum en is baie maklik om skoon te maak.

Dit is verkieslik dat hierdie fasiliteite so gebou moet wees dat wanneer n persoon sy swemklere aangetrek het, hy eers verby die stortbaddens en dan verby die toiletkamers moet gaan om by die swembad te kom. Stortbaddens moet ook voorsien word van seep en elke persoon moet aangemoedig word om n stortbad te neem voordat hulle gaan swem.

c) Om te verseker dat die gange in die kleedkamers wyd genoeg is sodat maksimum toelaatbare ruimte, sonlig en kruisventilasie verkry kan word.

d) Om te verseker dat voldoende kruisventilasie na al die kleedkamers, bewaarkamers en toiletkamers beskikbaar is.

e) Om te verseker dat vloere van die gange, kleedkamers, bewaarkamers ensovoorts voorsien word van n glyvaste tipe materiaal wat maklik skoongemaak kan word. Die helling van die vloere moet genoegsaam wees sodat die water vinnig sal afloop. Plekke wat gedurig klam is mag die groei van seewier (algae) bevorder en dit doen nie alleen afbreuk aan die skoonheid van die swembad nie maar kan ook by almal kommer wek.

f) Om te verseker dat die ontwerp van klerehangers en mandjies waarin swemmers hulle klere in die bewaarkamer laat, van so n aard is dat goggas hulself nie maklik daarin kan vestig nie. Hierdie kleremandjies moet ook n aparte vak hê vir skoene sodat besmetting en bevuiling van klere nie kan plaasvind nie. Dit moet van n duursame materiaal gemaak wees om die ruwe behandeling van die publiek te weerstaan en dit moet gewas en ontsmet kan word deur dit geheel en al in n reinigingsmiddel te dompel sonder dat dit sal roes of nodig sal wees om dit oor te verf. Hierdie reiniging moet gereeld uitgevoer word.

g) Om te verseker dat die sitplekke en die vloere van die kleehokkies en kleedkamers daaglik gewas en ontsmet word met n chlooroplossing van 0.3 tot 0.6%.

Hierdie ontsmetting moet ook elke keer na die besoek van n groep skoolkinders, wat vir swemlesse na die swembad kom, herhaal word - sodoende sal die volgende groep kinders die geriewe vars en skoon aantref.

Kinders urineer dikwels op die kleedkamer se vloere terwyl hulle verklee met die hoop dat die water wat van hulle liggame en swemklere afloop en met die urine meng, sal verhoed dat hulle opgelet word.

Daar mag miskien aangevoer word dat al hierdie voorsorgmaatreëls oordrewe en onnodig is, maar verskeie outoriteite op die gebied van swembad higiëne het daarop gewys dat onhigiëniese kleedkamers fungi, impertigo, skurfsiekte, velsiektes, ensovoorts kan huisves. n Kaal anus op die sitplek in n kleedkamer kan veroorsaak dat n kind die parasitiese wurm Oxyuris vermicularis opdoen of amebiese siste ontwikkel.

Swemmers is in elk geval altyd dankbaar as die kleehokkies en kleedkamers skoon gewas en ontsmet is.

h) Om te verseker dat elke kleehokkie of kleedkamer voorsien is van die vereiste aantal staanplanke (footboards) wat vry van insekte is en wat daaglik gewas en ontsmet word. Hierdie staanplanke mag nie geverf word nie want dit verbloem dikwels net die swak toestand daarvan.

i) Om te verseker dat daar n voldoende aantal vullisbakke met skanierdeksels - om vlieë weg te hou en die inhoud te versteek - by elke swembad beskikbaar is.

j) Die voorsiening van voetbaddens by die ingange tot die swembad gebied en die gereelde ontsmetting hiervan met n chlooroplossing van 0.3 tot 0.6%. Hierdie ontsmetting kan met die hand gedoen word, maar dit is meer doeltreffend as die voetbaddens onderling en met n filtrasiesisteen, wat n aanbevole deursyferingstempo van 4 tot 6 keer per uur het, verbind is.

k) Die verskaffing van klerehake teen die mure van elke gemeenskaplike kleedkamer. Hierdie hake moet 15" tot 18" van mekaar wees sodat klere van leerlinge wat die swemlesse bywoon nie teen mekaar hang nie, want weens gebrek aan tyd kan hulle nie klere by die bewaarkamers inhandig nie.

l) Om te verseker dat die swemklere en handoeke wat deur die publiek gehuur word, deeglik gewas, ontsmet, gedroog en belug word voordat dit uitgegee word. Dit is veiliger om kledingstukke wat nie behoorlik skoongemaak is nie te weier as om die gevaar van oordrag van infeksie te loop.

2. VERSEKERING VAN SWEMBADWATER SE SUIWERHEID.

Die gehalte van water in die swembad moet altyd so na as moontlik die standaard van drinkwater handhaaf. Dit kan slegs gedoen word deur middel van n filtrasiesisteen met die nodige apparaat vir die toediening van chemikalië en ontsmetting. Bogenoemde moet aan die volgende spesifikasies voldoen:

a) Die deursyferingstempo van groot opelug swembaddens moet nie langer as 6 uur duur nie. Die vereiste vir binnehuisse swembaddens is vier uur mits, in albei hierdie gevalle, die hoeveelheid gefiltreerde water wat elke 24 uur bygevoeg word, nie minder as 500 gallon per swemmer is nie.

Dit beteken dat n filterapparaat wat 24 uur aanmekeer werk en met n deursyferingstydperk van ses uur, sal binne 24 uur al die water in die swembad n totaal van 4 keer deur die filtertenks laat gaan. In die geval van n filtrasie apparaat met n deursyferingstydperk van 4 uur sal die water ses keer deur die filtertenks gaan. Teen n tempo van 500 gellings per swemmer per 24 uur sal n maksimum van 4,000 swemmers gebruik kan maak van n swembad met n inhoud van 500,000 gellings. Dienooreenkomstig sal 2,000 swemmers gebruik kan maak van n opelug swembad met n waterinhoud van 250,000 gellings.

Op hierdie grondslag sal plasbaddens of die gewilde waterpretbaddens (playland water features) met hulle klein waterinhoud van 3,000 tot 5,000 gellings, n deursyferingstydperk

van n uur of minder moet hê. Hierdie vinnige deursyferings-tydperk is nodig omdat n vlak swembad met n klein waterinhoud gou-gou al die babas en strompelaartjies (todlers) lok wat nie alleen enige beheer oor hulle behoeftes kan uitoefen nie, maar ook vatbaar is vir allerhande siektes. Terwyl die kinders in die water rondplas, is dit dan ook vir hulle baie prettig om allerhande vreemde voorwerpe en materiaal in die water te gooi wat n verdere las vir die filterapparaat is.

b) Die deursyferingstempo per vierkante voet filter area per minuut is as volg:

- (i) Vir sneldruk sandfilters - Vanaf drie, maar nie meer as vyf gellings per minuut nie.
- (ii) Diatomiese grondfilters - nie meer as 1 gelling per minuut nie.

c) Die pH van die water moet tussen 7.2 en 7.6 gehandhaaf word. Wanneer die pH van die water minder as 7.0 is, is die water suuragtig en veroorsaak dat swemmers ongerief moet verduur, foutiewe flokkulasie en laat metaalwerk roes. n Lae pH word veroorsaak deur die toediening van chloorgas, aluin, urinering, sweet, ensovoorts. n Lae pH kan verhoog word deur toediening van soda-as (1.2lb. per lb. chloorgas) en 1 lb. per lb. aluin. Hierdie formule dien slegs as leiding - die gebruik van n goeie kleurmeter lewer baie beter resultate.

d) Daar moet toegesien word dat vrychloor nooit minder as 0.3 p.p.m is nie.

Algemene chloorbronne vir ontsmettings doeleindes:

(i) Chloor vloeistof (gas) Cl_2 , wat kommersieel vervaardig word deur die elektrolise van gewone tafelsout, verdroog, verkoel en saamgepers word tot n vloeistof en bewaar word in staal silinders (99.9% suiwer). Daar word gebruik gemaak van chlorineerders om die vloeistof weer in gas om te sit, die gas te meet, dit in water op te los en dan na die watertoevoer wat ontsmet moet word, te voer.

(ii) Kalsium Hipochloraat $Ca(OCl)_2$ is verkrygbaar in poeier en in korrelvorm en bevat ongeveer 70% beskikbare chloor.

(iii) Natrium Hipochloraat $Na OCl$, word vervaardig deur chloorgas deur Natrium hidroksied ($NaOH$) te lei. Dit bevat gewoonlik 10% beskikbare chloor en albei soorte behoort deur middel van n hipochlorineerder toegedien te word, alhoewel dit ook met die hand gedoen kan word.

Daar moet onthou word dat enige voorwerp (swemmers, gras ensovoorts) n sekere hoeveelheid chloor absorbeer en daarom is dit belangrik dat die toediening van chloor vermeerder word na gelang van omstandighede.

Die vorming van seewier word verhoed deurdat dit deur die chloor geoksideer word, maar om hierdie taak doeltreffend te verrig, moet daar ten minste een keer per week n oormaat chloor toegedien word, verkieslik gedurende die nag.

e) Die filtrasiesisteen moet so ingestel wees dat daar n 50-100% weglei-aksie bo-op die water en op die bodem van die

swembad, vanaf die diepste punt is. Hierdie voorsorg is nodig sodat gechlorineerde water alle dele van die swembad kan bereik, want die moontlikheid bestaan dat die gechlorineerde en gefiltreerde water teruggesuijg kan word na die filtreerder met die gevolg dat seewier op die vloer en mure van die dieper dele sal floreer.

3. KONTROLERING VAN SWEMMERS.

- a) Geen seep mag in die swembad gebruik word nie.
- b) Swemmers mag nie die water, gehuurde swemklere of handoeke, kleedkamers, ensovoorts opsetlik bevuil nie.
- c) Geen swemmer wat enige velsiekte onder lede het of aan enige aansteeklike siekte lei, mag gebruik maak van die swembad nie.
- d) Diere word nie toegelaat nie. Honde by n swembad is nie alleen gevaarlik omdat hulle mense kan byt nie, maar hulle veroorsaak ook ongelukke as gevolg van hulle rondhardlopery. Honde is ook n oorlas omdat hulle die terrein bevuil en die mense steur met hulle geblaf.
- e) Ruwe en wilde speletjies moet verbied word. Sulke speletjies, in die water en op die grasoppervlakte, moet streng verbied word. Geen persoon mag toegelaat word om hom met n ander se plesier in te meng nie. Onbehoorlike gedrag moet nooit toegelaat word nie.
- f) Verbod op persone onder invloed.

Geen persoon onder invloed van alkoholiese drank mag tot die terrein toegelaat word nie. Geen alkoholiese drank mag ingebring of op die terrein gebruik word nie.

Waar moontlik moet luidsprekers aangebring word om die Superintendent en sy helpers se taak te vergemaklik wat bogenoemde reëls betref, aankondigings met swembyeenkomste, waterpolo wedstryde, ensovoorts.

4. VOORKOMING VAN ONGELUKKE.

Regulasies, met die doel om ongelukke te verhoed, is essensieel:

- a) Die verskillende dieptes, asook die vlak en diep kante, moet duidelik aangetoon word.

Dit is belangrik dat alle swemmers instaat moet wees om die diepte van die water op verskeie plekke te kan sien. Hierdie reëling is nie alleen tot voordeel van die swak swemmer of die persoon wat gladnie kan swem nie, maar dit is ook nodig vir goeie swemmers wat in die swembad wil induik. Ernstige ongelukke kan baie maklik gebeur.

Graag wil ek hier aantoon dat volgens berekening 80% van die swemmers gebruik maak van die vlak kant, terwyl slegs 20% gebruik maak van die diep kant. Hierdie verskynsel is maklik om te verklaar, want sodra n goeie swemmer genoeg geswem het in die diep kant, sluit hy aan by die minder goeie swemmers in

die vlakker deel van die swembad. Om hierdie rede moet die vlak gedeelte van die swembad so groot as moontlik gemaak word sonder om die diep deel van die swembad af te skeep, want hier moet waterpolo wedstryde gespeel word en die water moet diep genoeg wees vir persone wat duike wil oefen. Die helling van die vloer moet vanaf die vlak kant se muur baie geleidelik tot op n diepte van 4'6" toeneem. Na hierdie diepte maak dit nie meer saak hoe vinnig die helling tot teen die muur, by die diep kant, daal nie, want die meeste volwassenes begin op hierdie diepte te drywe en die skerp helling is dus nie meer n gevaar vir swak swemmers wat daar rondloop nie.

As gevolg van hierdie jongste ontwikkeling gebruik die Johannesburgse munisipaliteit die ondergenoemde helling vir alle nuwe swembaddens of waar n swembad van n nuwe vloer voorsien moet word.

Vanaf die vlakkant, met n diepte van 3'0", daal die diepte na 4'0" oor n distansie wat 45% van die swembad se lengte insluit. Oor die volgende 10% van die lengte van die swembad daal die vloer na 4'6" en daarna daal dit teen n helling wat nie 30° oorskry nie tot by die muur aan die diep kant.

b) Diepte van water vir duik.

Reël 107 van die Internasionale swemfederasie (F.I.N.A.) skryf die volgende voor vir swembaddens gebou na die 1ste Mei, 1957: Diepte onder duikplank van 1 meter - 3.0 meter en diepte onder duikplank van 3.0 meter - 3.5 meter.

Hierdie reël word streng nagevolg vir die Suid Afrikaanse en Provinsiale kampioenskappe maar dit sal jammer wees as die reël streng toegepas moet word by alle swembaddens, maar vir dieselfde waarde n gevaar daar te stel deur dit geheel en al te verontagsaam.

Hierdie afdeling maak dus voorsiening vir duik by daardie swembaddens waar die water onder elke springplank ten minste 10 voet diep is.

Die een meter en drie meter duikplanke moet indien moontlik, langs mekaar aan die een kant van die diep gedeelte geplaas word en die diepte van die water daaronder moet voldoen aan F.I.N.A. vereistes as n aparte duikpoel nie beskikbaar is nie. Sodoende sal slegs een kant van die diep gedeelte van die swembad deur die duikers gebruik word - terwyl die res van die diep gedeelte gebruik kan word deur swemmers, swembeamptes, waterpolobeamptes, ensovoorts.

c) Swembadtraplere moet voorsien word.

Elke swembad moet voorsien wees van n stel traplere - een in elke hoek van die swembad. Die traplere moet voorsien wees van relings en genoeg sporte sodat dit met veiligheid deur alle ouderdomsgroepe gebruik kan word. Die traplere moet van dié tipe wat verwyder kan word wees - dit moet maklik verwyder kan word vir swembyeenkomste en die skoonmaak daarvan.

Dit is verkieslik dat sodanige traplere uit vlekvrre staal vervaardig moet word - dit is meer duursaam as enige ander materiaal en lyk ook baie mooier. Die lae instandhoudingsonkoste sal heel gou goed maak vir die aanvanklike hoër onkoste.

die vlakker deel van die swembad. Om hierdie rede moet die vlak gedeelte van die swembad so groot as moontlik gemaak word sonder om die diep deel van die swembad af te skeep, want hier moet waterpolo wedstryde gespeel word en die water moet diep genoeg wees vir persone wat duike wil oefen. Die helling van die vloer moet vanaf die vlak kant se muur baie geleidelik tot op n diepte van 4'6" toeneem. Na hierdie diepte maak dit nie meer saak hoe vinnig die helling tot teen die muur, by die diep kant, daal nie, want die meeste volwassenes begin op hierdie diepte te drywe en die skerp helling is dus nie meer n gevaar vir swak swemmers wat daar rondloop nie.

As gevolg van hierdie jongste ontwikkeling gebruik die Johannesburgse munisipaliteit die ondergenoemde helling vir alle nuwe swembaddens of waar n swembad van n nuwe vloer voorsien moet word.

Vanaf die vlakkant, met n diepte van 3'0", daal die diepte na 4'0" oor n distansie wat 45% van die swembad se lengte insluit. Oor die volgende 10% van die lengte van die swembad daal die vloer na 4'6" en daarna daal dit teen n helling wat nie 30° oorskry nie tot by die muur aan die diep kant.

b) Diepte van water vir duik.

Reël 107 van die Internasionale swemfederasie (F.I.N.A.) skryf die volgende voor vir swembaddens gebou na die 1ste Mei, 1957: Diepte onder duikplank van 1 meter - 3.0 meter en diepte onder duikplank van 3.0 meter - 3.5 meter.

Hierdie reël word streng nagevolg vir die Suid Afrikaanse en Provinsiale kampioenskappe maar dit sal jammer wees as die reël streng toegepas moet word by alle swembaddens, maar vir dieselfde waarde n gevaar daar te stel deur dit geheel en al te verontagsaam.

Hierdie afdeling maak dus voorsiening vir duik by daardie swembaddens waar die water onder elke springplank ten minste 10 voet diep is.

Die een meter en drie meter duikplanke moet indien moontlik, langs mekaar aan die een kant van die diep gedeelte geplaas word en die diepte van die water daaronder moet voldoen aan F.I.N.A. vereistes as n aparte duikpoel nie beskikbaar is nie. Sodoende sal slegs een kant van die diep gedeelte van die swembad deur die duikers gebruik word - terwyl die res van die diep gedeelte gebruik kan word deur swemmers, swembeamptes, waterpolobeamptes, ensovoorts.

c) Swembadtraplere moet voorsien word.

Elke swembad moet voorsien wees van n stel traplere - een in elke hoek van die swembad. Die traplere moet voorsien wees van relings en genoeg sporte sodat dit met veiligheid deur alle ouderdomsgroepe gebruik kan word. Die traplere moet van dié tipe wat verwyder kan word wees - dit moet maklik verwyder kan word vir swembyeenkomste en die skoonmaak daarvan.

Dit is verkieslik dat sodanige traplere uit vlekvrystaal vervaardig moet word - dit is meer duursaam as enige ander materiaal en lyk ook baie mooier. Die lae instandhoudingsonkoste sal heel gou goed maak vir die aanvanklike hoër onkoste.

d) Voorsiening van handgreep aan kante.

Die skuimkanaal in n swembad dien nie alleen as sodanige handgreep nie, maar help ook met die wegleiding van afval vanaf die wateroppervlakte en werk ook die vorming van branders teë gedurende swembyeenkomste.

Gewoonlik word die oppervlak afleidingspunte, wat verbind is met die filtrasiesisteam, in die muur aan die diep kant ingebou, maar daar is gevind dat hierdie plasing nie so doeltreffend is nie. Die rede hiervoor is dat die skuimkanaal nie genoeg val gegee kan word om n vinnige wegleiding na die naaste afleidingspunt te veroorsaak, vanaf enige deel in die skuimkanaal nie. Slym of enige ander voorwerp wat nie na aan n afleidingspunt in die skuimkanaal te lande kom nie, sal dus deur die branders teruggespoel word in die swembad in.

Hierdie probleem is tot n groot mate oorkom deur die afleidingspunte in elke hoek van die swembad in te bou met bykomende dreineringspunte tussen elke twee afleidingspunte uit die skuimkanaal na die wegleipype van die afleidingspunte

e) Alle elektriese apparaat moet doeltreffend geaard wees.

Dit is belangrik dat alle elektriese apparaat jaarliks ondersoek word deur die Elektrisiteitsafdeling sodat ongelukke voorkom kan word.

f) Reddingsgordels moet maklik bekombaar wees.

Dit is raadsaam om reddingsgordels in die nabyheid van die swembad gereed te hê sodat selfs n persoon wat nie kan swem nie, iemand wat in die moeilikheid beland kan help.

g) Oppervlakte waar geloop word moet voorsien wees van n antiglyloopvlak.

Die kantstene van die swembad omgewing en voetpaadjies moet n antiglyloopvlak hê, wat sal verhoed dat swemmers gly. Traplere en trappies moet soortgelyke oppervlakte hê en ook voorsien wees van relings.

h) Die swembadterrein en apparaat moet goed instand gehou word.

Dit is verstaanbaar dat die swembadterrein en apparaat wat jaarliks deur duisende swemmers gebruik word en daarbenevens blootgestel is aan temperatuurwisselings, tot n sekere mate beskadig en dus herstel moet word. Herstelwerk aan geboue, ensovoorts kan, as dit nodig is, gedurende die swemseisoen uitgevoer word, maar dit kan probleme oplewer en dit is dus raadsaam dat alle herstelwerk gedurende die winter verrig word. Dit is egter essensieel dat inspeksie en herstelwerk aan die mure, pype en die vloer van die swembad gedurende die winterseisoen gedoen moet word. Vir sodanige inspeksie moet die swembad gedurende die wintermaande leeggemaak word.

i) Verbod op enige glas bottels.

Hierdie regulasie is nodig aangesien die stukkie glas van slegs een gebreke bottel die oorsaak kan wees dat baie swemmers beserings opdoen. Die verwydering van glasskerwe van die swembadterrein is n moeilike taak maar uit die swembad self kan dit slegs verwyder word deur stofsuieraksie of

deur die swembad leeg te maak.

j) Voldoende eerstehulp voorrade en n resussitator.

Voldoende eerstehulp voorrade vir die behandeling van be-seerde persone moet by elke swembad beskikbaar wees. Manlike personeel by swembaddens moet bevoeg wees in lewensredding en eerstehulp. Elke swembad is toegerus met n moderne, ten volle outomatiese resussitator met volledige toebehore en n spaar suurstofsilinder vir die resussitasie van persone wat vermoedelik verdrink het. Die swembad personeel is opgelei in die gebruik van die apparaat en kan ook mond tot mond kunsmatige asemhaling toepas. Hierdie metode van kunsmatige asemhaling is nodig sodat kunsmatige asemhaling so gou as moontlik toegepas kan word en daar nie kosbare tyd verlore gaan terwyl die outomatiese apparaat gehaal word of terwyl die pasiënt na die siekekamer gedra word nie. Die belangrikheid van onmiddellike kunsmatige asemhaling sal ingesien word as daar in gedagte gehou word dat die menslike brein ernstige beskadiging opdoen indien dit vir n tydperk van vier minute sonder suurstof moet fungeer. Daar is dus nie tyd om die pasiënt na n gemaklike bed in die siekekamer te dra nie.

ALGEMEEN.

Swemklubs word toegelaat om hulle klubbyeenkomste een keer per week in die aand vanaf 7.30 nm. tot 8.45 nm. te hou. Liga swemwedstryde word op Vrydagaande vanaf 7.30 nm. tot 9.00 nm. en waterpolo oefeninge vir n uur op n stil weekaand toegelaat. Waterpolo wedstryde word Saterdagmiddae vanaf 2.30 nm. tot 5.00 nm. afgespeel.

Tussen elke wedstryd moet die publiek egter n tydperk van 15 minute gegun word om gebruik te maak van die dieper gedeelte van die swembad.

Die Superintendent moet ten minste n uur voor enige swembyeenkoms die filtreerder afskakel sodat daar genoeg tyd sal wees vir enige strominge, wat veroorsaak word deur die instroming van water, om te bedaar.

Wegspringblokke, indien beskikbaar, moet stewig wees en die drywende toue om die verskillende bane aan te toon moet n geruime tyd voor die byeenkoms opgerig word.

Afgesnyde gras.

Die groen grasperke rondom n swembad skep n baie mooi indruk en is belangrik vir die swemmers om op rond te baljaar, maar die gesnyde gras kan baie moeilikheid veroorsaak in die filtrasiesisteam. Droë gras aan die begin van die swemseisoen of gesnyde gras wat nie deur die grassnyer opgetel is nie, verteenwoordig n probleem, aangesien dit deur middel van die swemmers se nat liggame in die water ingebring word. Afgesien van die feit dat hierdie gras onnodig chloor absorbeer, versper dit die sifeenhede wat voor die pompe geïnstalleer is en verhoed ook die doeltreffende werking van die filters sodat die deursyferingstempo van die filters daal. Dit veroorsaak dat die Superintendent heelwat aandag aan die filters moet skenk, terwyl hy die toesig van swemmers in die swembad afskep.

Grasperke moet dus lank voor die seisoen begin, gegee en

bobemes word. Daar moet ook voorsorg getref word dat gesnyde gras nie op die grasperk bly lê nie. Die tipe grassnyers wat nie self die gesnyde gras optel nie, moet in elk geval nie by n swembad gebruik word nie.

Gevolgtrekking.

Om mee af te sluit wil ek graag meld dat ek voel dat alle swembad personeel, veral nuwe lede, opleiding in die volgende fasette van swembadwerk gegee moet word: werking van filtreerders, suiwering van water, toediening van chemikalië, swembad-administrasie, plaaslike regulasies, personeel beheer, lewensredding en kunsmatige asemhaling.

Die Afdeling Parke en Ontspanning het die afgelope drie jaar n sodanige kursus met uitstekende resultate aangebied, maar ek voel dat alle munisipaliteite hierdie voorbeeld moet navolg. Die stigting van n Suid-Afrikaanse vereeniging vir swembad-superintendente is natuurlik die aangewese oplossing. Alle Superintendente en swembad-opsigters moet dan aangemoedig word om deur middel van n kwalifiserende eksamen lede te word.

---oo0oo---

Collection Number: A1132

Collection Name: Patrick LEWIS Papers, 1949-1987

PUBLISHER:

Publisher: Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa

Location: Johannesburg

©2016

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

This collection forms part of a collection, held at the Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.